
KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Uitnemende kommunikasie

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Verseker dat jou skriftelike kommunikasie 'n positiewe bydrae tot die professionele beeld van jou firma lewer. Kom ons neem jou kommunisievaardighede 'n stap verder.

Waarop fokus hierdie kursus?

Deur skriftelike kommunikasie van 'n hoë gehalte te lewer, dra jy outomaties by tot die professionele beeld van jou maatskappy. Hierdie aanlyn kursus help deelnemers om meer doeltreffend te kommunikeer, met die klem op geskrewe kommunikasie.

- Jy sal die vaardighede aanleer en selfvertroue opbou om doeltreffend in Engels te kommunikeer.
- Jy word gelei om 'n verskeidenheid duidelike, bondige en professionele dokumente te skryf.
- Ons kyk na taagebruik, trant en formaliteit, sinstruktuur, doelgerigtheid, lesers se behoeftes en die skryfproses.

Wie is die aanbieder?

Antoinette van den Hoven is 'n ervare onderwyser met meer as 27 jaar ondervinding. Sy is 'n deelydse fasiliteerder en lewer ook navorsingsondersteuning. Antoinette se kalm en rustige benadering tot leer maak van haar die perfekte persoon om individue wat meer tyd benodig om nuwe vaardighede te bemeester, te ondersteun.



Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie aanlyn kursus is vir jou bedoel as jy nie 'n eerstetaalspreker van Engels is nie, maar in 'n werksomgewing funksioneer waar Engels gebruik word. Veral as tale nie die hoofokus van jou studies was nie, maar skryfwerk wel deel van jou daaglikse take is.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en alle aspekte van die kursus word geassesseer.

Is daar enige voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar moet hê wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons hibriede kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en om aktiwiteite en take voor die kursus se sluitingsdatum te voltooi.

	Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	Regstreekse aanlyn sessies (9:00 tot 10:30)	Skryf in voor
Kursus 1:	4 Junie tot 23 Julie	22, 24, 29 Junie en 1 Julie	1 Junie
Kursus 2:	29 Oktober tot 10 Desember	4, 11, 18 en 25 November	26 Oktober

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- 2 regstreekse aanlyn sessies per week van 1,5 uur elk
- ± 7 ure per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R3 960 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooi moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik asseblief op hierdie skakel om in te skryf: http://bit.ly/2021_COMM_Infopage

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoefte met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.